

Vyf stropers wil aansoek doen vir borgtog

'n VYFDE renoster-stroper is skaars 'n week nadat sy vier makkers gevang is, ook vasgetrek.

Die vyf mans word verdink van die stroping en skiet van vyf renosters op 8 Desember op Inverdoorn, 'n private wildplaas ongeveer 65km van Ceres op die Sutherlandpad.



Met die hulp van die polisie, die veediefstal- en bedreigde spesie eenheid in Worcester, CapeNature en 'n forensiese ondersoeker is die verdagtes vasgetrek. Hulle word vir eers aangekla van sameswering om 'n misdryf te pleeg om vyf renosters te skiet.

Renosters geskiet

Vier renosters is Woensdag 8 Desember op Inverdoorn doodgeskiet. 'n Vyfde renoster is in die kop gewond.

Vier buitelanders, Amade Congto (46) van Mosambiek, Justice Khoza (27) van Limpopo, die beweerde leier van die groep Innocent Chiwenya (57) van Zimbabwe en Wishes Mugaru (29) van Zimbabwe, is op 10 Desember gearresteer en onder streng polisiebewaking na Ceres gebring. Die mans is van Mosambiek en Zimbabwe en het Maandag 13 Desember op Ceres verskyn voordat die saak tot 20 Desember uitgestel is.

'n Vyfde verdagte en plaaswerker, Michael Mbaura van Zimbabwe, is 'n paar dae later buite Ceres gevang en het hy op 20 Desember saam met die ander vier in die hof verskyn.

Khoza en Mugaru het aangedui hulle wil aansoek doen vir regshulp terwyl die ander

drie, Congto, Chiwenya en Mbaura gesê het hulle gaan prokureurs aanstel.

Die saak is weer na 30 Desember en toe na 6 Januarie uitgestel sodat die prokureurs op rekord kon kom. Die mans se borgaansoek sal nou **Vrydag 14 Januarie** aangehoor word. Al vyf word op Worcester aangehou.

Ondersoek duur voort

Die veediefstal- en bedreigde spesie eenheid in Worcester se ondersoek duur voort.

Verklaring uitgereik

Volgens 'n verklaring van Aquilla Collection en die eienaar, Searl Derman - wat kort na die voorval uitgereik is - is die bestuurspan en personeel erg getraumatiseer na die voorval wat Woensdag 8 Desember plaasgevind het.

Die teenstropingseenheid het omstreeks 22:30 tydens hulle roetine patrollies op die 10 000 hektaar private wildreservaat, op die renosters afgekom.

Omstreeks 02:00 die oggend is die beseerde renoster koei opgespoor. Al die renosters is met groot kaliber vuurwapens met knaldempers geskiet.

Die teenstropingseenheid het hulle patrollies verskerp na die voorval.

Alhoewel die onderneming nie renoster-onthoring bevorder nie, was een van die vier renosters met 'n unieke sintetiese horing toegerus. Dit en die nodige kennisgewings hieroor op draadheining, het egter nie die stropers afgeskrik om die aanval te loods nie. Die veselglashoring het geen finansiële waarde vir die stropers nie.

Agtergrond

Aquila private wildreservaat het in Augustus 2011 ook deurgeloop onder stropers toe twee renosters doodgeskiet is.

Die *Saving Private Rhino* inisiatief is daarna geloods waar fondse teen renosterstroping ingesamel word. Die nie-winsgewende organisasie werk ook nou saam met City Guns wat private reservate in die land help met teenstropingsopleiding en wapens.

Skenkings

Die gemeenskap wat die *Saving Private Rhino* inisiatief wil ondersteun, kan 'n epos stuur na info@savingprivaterhino.org of 083-441-2826 skakel. Hulle kan ook die Facebookblad van *Saving Private Rhino* besoek.